**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Literatuurstudie)**
**Slegs Deeltydse Kandidate**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 120**

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord: EEN vraag uit Afdeling A
  DRIE vrae uit Afdeling B
  EEN vraag uit Afdeling C

## AFDELING A
## KREATIEWE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Skryf die nommer van die vraag wat jy kies, neer.
- Hou by die vereiste lengte.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer 450 – 550 woorde wees.

Jy het gedurende die afgelope paar jaar in Afrikaans-onderrig met skryfwerk oor ? wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

Hou by jou skryfstuk die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik.
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het.
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem.
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas.

**VRAAG 1**

1.1

# VROUE-WOEMA!

## Die dinamiese krag van die Mbeki-bewind



Die blinkste sterre in die ANC-regering is vroue. Daar is meer vroue in topposte in die Suid-Afrikaanse politiek as in enige ander vergelykbare stelsel. Goed of sleg? Dink jy die vroue sal die mas opkom? Gee jou mening hieroor in ? **beredenerende** skryfstuk.

**OF**

1.2

## Maak geld met skoonmaak!

? Inwoner van Pretoria het ? geleentheid raakgesien en ? besigheid begin wat die droogskoonmaak, stryk en was van wasgoed behels vir sowel die korporatiewe as die huishoudelike mark. Volgens hom lê die sukses van die besigheid daarin dat die wasgoed by ? kliënt se woning of werk afgehaal en terugbesorg word op tye wat die kliënt pas.

Suid-Afrika bied baie geleenthede vir vindingryke entrepreneurs. Jy het ook ? besigheid in gedagte wat mense se lewens kan vergemaklik en waaruit jy baie geld kan genereer. **Beskryf** hierdie besigheid.

**OF**

1.3

> Die geskiedenis sal bewys dat reklame een van die booshede van ons tyd is. Dit stimuleer mense voortdurend om nog meer te wil hê.
>
> **Malcolm Muggeridge, Engelse skrywer**

**Bespiegel** hieroor.

**OF**

1.4

## Afrikaans uitgedien

Daar word kort-kort deur ? klein minderheid mense ? lawaai opgeskop oor die voortbestaan van Afrikaans. Besef hulle nie Afrikaans is uitgedien nie?

Let maar op na die name van produkte soos kruideniersware, klerasie, drank, motors, rekenaars, plastiekprodukte en so meer.

Ek weet daar bestaan wel nog enkele Afrikaanse name, maar dit is besig om te verdwyn. In die Nuwe Suid-Afrika sal dit geheel en al verdwyn, soos die stadsname Johannesburg en Pretoria. Met name soos Yskor en Evkom is reeds weggedoen. Om van al die straatname nie eers te praat nie.

Gelukkig het die meeste Afrikaanssprekendes geen valse taaltrots nie. Hulle worry nie om Engels te praat nie. Die aantal Engelse woorde wat reeds deur Afrikaanssprekendes tussenin gebruik word soos chips, bye, sexy, sweater, computer, zip, game, tyre en nog talle ander, groei by die dag. Soveel so dat sommige al in Afrikaanse woordeboeke opgeneem is!

Kom ons maak dit vir onsself makliker en slaan onmiddellik oor na Engels en vergeet van Afrikaans. Dan kan die verskillende bevolkingsgroepe makliker met mekaar kommunikeer. Só spaar ons baie geld met onnodige vertalings.

Hierdie brief het in ? bekende Afrikaanse tydskrif verskyn. Rig ? **brief** aan die **redakteur** van die tydskrif waarin jy reageer op die uitlatings in bostaande brief.




**OF**

1.5 Jy behartig ? rubriek in ? plaaslike tydskrif waarin daar elke week ? artikel oor die omgewing, bewaring en die natuur verskyn. Die onderstaande brief het in daardie tydskrif verskyn en jy het besluit om daarop te reageer. Skryf ? **artikel** met die titel ROMMELPLANNE waarinjy verskeie maniere bespreek om van rommel ontslae te raak.

> Deesdae kyk ek met verwondering na my omgewing. Ek sien gereeld mense wat beur om ? kruidenierstrollie, oorlaai met opgevoude kartondose en stapels koerante, op ? ongelyke sypaadjie te stoot. Iewers betaal iemand vir hierdie moeitevolle bymekaarmaak van rommel – en dis kosgeld vir mense wat dit baie nodig het. Dit verklaar waarom kartondose en koerantpapier deesdae nie meer ons omgewing ontsier nie. As diegene wat ? paar rand nodig het ook betaal kon word om ander vullis te verwyder, sou ons omgewing oornag silwerskoon wees.

**OF**

1.6

> Eensklaps gaan ? venster oop
>
> Op ? dag kruis iemand jou pad met ? leidraad of insig wat vir jóú van waarde is. Soms, met ? enkele stelling, gebaar of insident, skuif iemand vir jou ? venster oop op ? ander perspektief. Of loop iemand oor ? tydperk voor jou uit om die pad aan te dui.
>
> **PETRA PIETERSE**

**Vertel** van ? persoon / persone wat jou pad gekruis het en die rol wat hy/sy/hulle in jou lewe gespeel het.

**OF**

1.7 Skryf die nommer van die illustrasie wat jy kies bo-aan die skryfstuk en voorsien die skryfstuk van ? opskrif. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan bv. verhalend, nugter-beredenerend, bespiegelend of beskrywend wees.

1.7.1




**OF**

1.7.2



**OF**

1.7.3



**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

AFDELING B

**FUNKSIONELE SKRYFWERK**

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES:**


- Beantwoord TWEE opdragte van 20 punte elk en EEN opdrag van 10 punte.
- Beantwoord TWEE opdragte uit Vraag 2 en EEN opdrag uit Vraag 3.

Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik.
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het.
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem.
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas.

Kies TWEE opdragte van 20 punte elk uit Vraag 2.
Die lengte van elke skryfstuk moet 180 – 200 woorde wees.

2.1




Jy was ? ooggetuie van die gebeure wat hierbo uitgebeeld word. Skryf jou **ooggetuieverslag** vir die polisie. (20)

**OF**

2.2

Sê dit reg, al is dit sleg

Party dinge is nooit maklik om te sê nie, al bedoel jy dit hoe goed. Die kuns is om dit op die regte manier te sê – en te weet wanneer om liewer te swyg.

Iemand wat vir jou baie beteken, het vir jou iets gesê wat liewers ongesê moes gebly het. Skryf daaroor in jou **dagboek**. (20)

**OF**

2.3 Jy is ? uitgesproke voorstander van diereregte. Skryf ? **brief aan die pers** na aanleiding van die onderstaande brief wat in ? tydskrif verskyn het.

**LOS DIE DIERE UIT**

Ek het die artikel *Kristalbal 2004* in die Januarie-uitgawe baie geniet, maar was teleurgesteld dat die "produkte met ? gewete" verwys na veilige en natuurlike produkte vir ? mens se vel, en nie na produkte wat nie op diere getoets is nie.
Dis so onnodig om in 2004 steeds bestanddele van skoonheids-middels op diere te toets; tog doen baie maatskappye dit. As The Body Shop, byvoorbeeld, uitstekende produkte het wat nie op diere getoets is nie, hoekom kan almal nie so maak nie? As alle vroue net ? tyd lank produkte boikot wat op diere getoets is, sal dit gou iets van die verlede wees. Op die webwerf www.caringconsumer.com is ? lys van maatskappye wat nie produkte op diere toets nie, en dié wat dit wel doen.

**Carmen Schaefer**
**Brief per e-pos**

(20)

**OF**

2.4 Skryf ? **kritiese evaluering** oor ? nuwe klub vir jongmense wat onlangs in jou omgewing geopen het. (20)

**OF**

2.5 Kies EEN van die onderstaande koppe (opskrifte) en skryf ? **koerantberig** daaroor.

# Tawwe tannies vang vier

## Drywer van donkiekar beboet oor hy dronk ry

## Haai-slagoffer nog ernstig

(20)

**OF**

2.6

# Wen oor jy jou stad ken

## Kompetisie moedig toerisme aan

Om die groeiende belangstelling in toerisme onder die jeug aan te moedig, en om hulle meer bewus te maak van die stad / dorp waarin hulle leef, bied jou stad / dorp se publisiteitsvereniging ? Ken-Jou-Stad- / Ken-Jou-Dorp-kompetisie aan, met kontant- en ander pryse.
Skryf ? **promosie-artikel** oor jou stad / dorp en konsentreer op dié dinge wat vir toeriste ? aantrekkingskrag sal hê. (20)

**EN**

**VRAAG 3**

**INSTRUKSIES:**

- Kies EEN opdrag van 10 punte uit Vraag 3.
- Die lengte van die skryfstuk moet 80 – 100 woorde wees.

3.1

## Kies die regte woordeboek

- **Inskrywings moet duidelik uiteengesit wees en maklik wees om na te slaan.**
- **Dit moet die woorde en terme bevat wat jy wil naslaan, en omskrywings wat gedetailleerd en maklik verstaanbaar is.**
- **Daar moet riglyne wees oor hoe die woorde gebruik kan word, hoofflettergebruik, spelwyse, wisselvorme en waar om koppeltekens in te voeg.**
- **Kruisverwysings na ander woorde of verwante betekenisse is altyd nuttig.**
- **? Goeie stel verwysings wat aandui of die woorde formeel, slêng, medies, argaïes, ens. is.**

Kies EEN van die onderstaande en skryf die **raad** neer wat jy aan iemand sal gee wanneer hy/sy:

3.1.1 ? selfoon wil koop.

3.1.2 tekkies wil koop.

3.1.3 ? rekenaar wil koop. (10)

**OF**

3.2 Stel ? **kennisgewing** op vir ? sangkompetisie vir jongmense wat in jou omgewing aangebied gaan word. Verskaf alle inligting wat voornemende deelnemers sal interesseer. (10)

**OF**

3.3 Die beste of die slegste advertensie word deur lesers van ***Jip***, tienerkoerant wat weekliks in ***Beeld*** verskyn, aangewys. Watter radio- / TV- / Buitelug-advertensie beskou jy as *kief* of *dof*? (10)

**Kief Ad**

Die kief ad vir die week is die nuwe Volkswagen Touareg-motoradvertensie. Arno Carstens se liedjie *Another universe* máák die ad, en die beelde van die pa en sy hardkoppige seun wat stelselmatig nader aan mekaar groei, werk baie goed. Dit maak ? mens sommer lus om in ? motor te klim en ? lekker roadtrip deur die agterstraatjies van Suid-Afrika te vat.

**Dof Ad**

Elmarie Dry kies vandeesweek se dof ad: "Dié dofste ad op radio, wat my teen die mure uitdryf, is KFC se nuwe radio-advertensie, waar ? vreemde ou die vrou/man wat so pas ? kaasburger van KFC (die nuwe een met die drie kase) geëet het, skakel en hulle vertel dat hulle nie skuldig moet voel nie. Dit is die grootste klomp nonsens wat ek nog ooit gehoor het! Ek weet nie van julle nie, maar as ? vreemde ou my bel en my naam ken én weet dat ek so pas ? KFC-burger geniet het, dinges ek in my broek!"

**TOTAAL VIR AFDELING B: [50]**

AFDELING C

**LITERATUURSTUDIE**

- Hierdie afdeling tel 30 punte.
- Jy moet EEN vraag uit hierdie afdeling beantwoord.
- Die vrae handel onderskeidelik oor ***Boeket*** (Tony Links e.a) en ***Verlore Paradyse*** (N.J. Snyman).
- Beantwoord dus net ? vraag oor die boek wat jy behandel het.

***Boeket*** (Tony Links e.a.)
Hier het jy ? keuse tussen Vraag 4 of Vraag 5.

**VRAAG 4**

Bestudeer die volgende teksfragment en beantwoord die vrae wat gestel is:

UIT: ***Een heer in de trein*** (Simon Carmiggelt)

De trein naar Den Haag stond op het Centraal Station en ik zat alleen in de coupé, maar even voor we wegreden kwam er een man binnen. Een grote, plompe, door en door Hollandse man van een jaar of zestig, terdege ingebakerd.

"Goede morgen, "zei ik.

Hij antwoordde niet doch begon zich te ontdoen van handschoenen, hoed, sjaal en overjas op een manier of al deze handelingen hem met diepe weerzin vervulden. Geen zonnetje in huis, dat stond wel vast. De hoed legde hy in het bagagenet en de jas hing hij aan het haakje vlak bij het raam. Daarop liet hij zijn grote hoeveelheid kilogrammen op de plaats tegenover mij neer. Aangezien hij gedeeltelijk op zijn jas was gaan zitten brak het lusje en viel de bovenkant van dit kledingstuk over zijn hoofd heen.

Ik lachte.

Je ziet het in treinen télkens weer gebeuren en mijn gelaatsspieren zijn er eenvoudig niet tegen bestand. De man – de lippen bitter op elkaar geknepen – bleef roerloos zitten en keek mij met zijn sombere ogen vernietigend aan.

"Moet jij daar zo om lachen?" vrieg hij.

De kraag van de jas hing nog steeds over zijn grimmig hoofd als een soort monnikskap.

"Het spijt me, " zei ik.

De man verhief zich langzaam en sprak, terwijl hij de jas opvouwde en in het bagagenet legde: "He, wat leuk, iemand breekt het lusje van zijn jas. En daar gaat een volwassen vent om zitten lachen."

"Ik kan het niet helpen" zei ik. "Ik moet altijd lachen als't gebeurd."

Hij ging weer zitten, legde zijn handen op zijn knieën en stelde vast:

"Da's dan een héle vreemde afwijking.

Deze keer lit ik het bij een knik.

Terwijl ik, om het incident af te ronden, uit het raam begin te kijken, voelde ik dat zijn norse blik nog steeds op mij was gericht.

Nu kwam de kelner met zijn blad en de man nam een kop koffie. Daar mijn nek een beetje stijf begon te worden van het krampachtig uit het raam kijken, draaide ik mijn hoofd weer recht.

Hij keek niet langer naar mij maar naar de koffie op het klaptafeltje. Nadat hij er suiker ingedaan had, tilde hij het kopje op om het naar zijn lippen te brengen.

Nu zijn treinen volstrekt onberekenbaar.

Vaak liggen ze, lange tijd achtereen, zeer vast in de rails maar op een nooit voortuit te becijferen moment beginnen ze opeens een poosje te bibberen, te zwaaien en

te schokken.

Hoe het komt weet ik niet.

Maar vast stond dat onze trein juiste so ? aanval kreeg toen de man de volle kop bijna aan zijn mond had getild, zodat een aanzienlijke hoeveeldheid van de koffie op zijn das en op zijn vest terecht kwam.

Weer lachte ik.

Zo weinig mogelijk.

4.1 Dink jy die verteller sou steeds gelag het as die man hom teruggegroet het? Motiveer jou siening. (2)

4.2 Watter tipe verteller is hier aan die woord? Wie is die verteller? (2)

4.3 Lees weer r. 5 – 6 en sê dan of dit winter of somer is. (1)

4.4 Watter 2 sake word in r. 16 – 17 met mekaar vergelyk? (2)

4.5 Skryf 3 opeenvolgende woorde uit r. 8 neer wat op die man se lywigheid sinspeel. (2)

4.6 Gee ? voorbeeld van personifikasie uit r. 38. (1)

4.7 Waarom is "bibberen" (r. 35) ? besonder goeie woordkeuse? (1)

4.8 Motiveer uit r. 5 dat die man egoïsties is. (1)

4.9 Verklaar "Geen zonnetje in huis" (r. 7 – 8) (1)

4.10 Waarom het die jas se lussie gebreek? (1)

4.11 Skryf ? frase neer uit r. 12 wat daarop sinspeel dat mense dikwels hulle jasse se lussies breek. (1)

4.12 Skryf <u>een</u> woord uit r. 21 neer waaruit die man se afkeer van die situasie duidelik blyk. (1)

4.13 Dink jy die verteller lag vir die man om hom doelbewus te verkleineer? Motiveer jou antwoord. (2)

4.14 Skryf die bygedagte in r. 13 in jou eie woorde neer. (2)

4.15 Wat is die funksie van hierdie bygedagte? (1)

4.16 Mense vertel dikwels staaltjies waar hulle aan die lag geraak het in omstandighede waar ? mens normaalweg ernstig moet wees.

4.16.1 Het so iets jou al oorgekom? (1)
4.16.2 Sê baie kortliks wat met jou gebeur het. (2)

4.17 In watter opsig kom r. 11 en r. 41 ooreen? (1)

4.18 Gestel jy was die man. Sou jy ook so suur wees of sou jy dalk saam met die verteller gelag het? Motiveer jou antwoord. (2)

4.19 By watter stasie het die man afgeklim? (1)

4.20 Wat het aanleiding gegee tot die man se derde glips / flater? (2)
**[30]**

**VRAAG 5**

5.1 ***"Handel"* – Maarten 'T Hart**

Met die lees van hierdie kortverhaal kom die leser gou agter dat oom Adriaan onbeskof en slinks is. Skryf ? opstel van 300 – 400 woorde waarin jy op die volgende punte konsentreer:

- Oom Adriaan se invloed op die seun
- Die oom se slinksheid soos dit teenoor Truus na vore kom
- Oom Adriaan se agterbakse houding teenoor die seeman en sy vrou
- Sê ten slotte wat jou ingesteldheid teenoor onregverdige mense is. (20)

**EN**

5.2 ***"De Herbergier van Pidalgo"*– Godfried Bomans**

Lesers sien die herbergier op verskillende maniere. Volgens party mense is hy ? opofferende mens, terwyl andere hom as ? selfsugtige wese brandmerk. Skryf ? opstel van 180 – 200 woorde waarin jy sê hoe jý die herbergier sien. Onthou om in paragrawe te skryf en alle stellings wat jy maak te motiveer. (10)
**[30]**

**OF**

***Verlore Paradyse*** (N.J. Snyman)

Beantwoord hier Vraag 6 of Vraag 7.

**VRAAG 6**
***"Die Skerpioene"* (Paul C. Venter)**

Bestudeer die volgende teksgedeelte en beantwoord die daaropvolgende vrae:

Vroegmôre is Dok Gryspiet met sy Bankrot-maar-wintie daar: ? nuwe een, blink en groen, die nommerplate nog heldergeel en vlekloos. Die are aan die ou man se neus en ore is rooier as ooit.
Saam met hom is ? skraal, elegante dokter van Morreesburg, ene Dawid Braband. Hy dra ? blink dokterstas wat Dok Gryspiet se oue soos ? vernielde kreeffuik laat lyk.
Terwyl die Swartlander in die siekekamer is, gesels Dok Gryspiet met Frannie in die kombuis. Hulle drink moerkoffie uit die skoonste en heelste blikbekers wat Frannie kon vind.

“Is jou pa see toe?”

“Hulle trek vandag harders.”

“Ai, ek sien oral die gesukkel. ...Dis tyd dat die grotes weer loop.”

“Of die kreefseisoen oopmaak.”

“Ja, ja. Ek is selfal weer lus vir so ? lekker vet kreefstert in kerrie.”

“Dok, hoe lyk my ma vir Dok?”

“Frannie, ek wil nie vir jou lieg nie. Wat het jou pa vir jou gesê?”

“Niks.”

“Nou kom ons hoor wat sê dokter Braband. Hy’t in die Kaap met hierdie vroueprobleme gewerk.”

? Rukkie later kom die Swartlander kombuis toe. Hy kyk na Frannie en dan na Dok Gryspiet en daar is ? vraag in sy oë.

“Franneman, kan jy ? bietjie buite wag?”

Frannie gaan staan op die stoep. ? Grysmuishond spring van die asblik af en hardloop onder ? ag-dae-geneesbos in. Op die rivier rimpel ? bries die water sodat dit sulke sterre maak.

Dok Gryspiet kom staan langs hom.

“Jy moet lat jou pa my vanaand bel. Jou ma slaap nou; dokter Braband het haar ? inspuiting gegee.”

“Wat sê hy?”

“Ou Franneman, die ding word soos ? klip; hy sprei nou vinnig. Maar laat jou pa my bel.”

Toe die dokters vort is, gaan sit Frannie by sy ma. Sy snork. Hy bly sit. Hy hoor die gety verander en die see optel.

Na sononder kom sy pa in. In die bed het sy ma op haar sy omgedraai. Sy snork nie meer nie.

Hulle gaan kombuis toe. Sy pa se vissak lê op die tafel en ? bos harders hang oor die wasbak. Die waterige bloed is die kleur van granate wat nog nie ryp is nie.

Frannie sê sy pa van die oproep. Die reus loop telefoon toe, en skree op Aletta Bester by die sentrale. Toe praat hy lank met Dok Gryspiet, maar teen die einde sê hy net, “Ja, ek verstaan” en “Nee, dis goed so” en “Baie dankie, Dok.”

Uit die siekekamer kom ? yl stemmetjie. Van die gepraat het Frannie se ma wakker geword. Hy gaan hoor wat sy wil hê.

“Het Ma honger?”

“Nee, seun, net ? bietjie dors.”

Hy bring water. Sy mors die meeste op haar hande. Sy skyn ? dowwe geel in die donker van die kamer.

Toe fluister sy: “Jy moenie vir jou pa sê nie, né? Jy doen dit net vir my. Hy hoef nie groot te wees nie.”

Frannie is baie lank stil. Toe sê hy: “Ek belowe Ma, ? grote.”

Vir aandete is daar gebraaide vis en eiers, en suikerbrood wat Laventeljonnie se vrou gestuur het. Sy en Frannie se ma kom glo goed oor die weg. Hy ken haar nie. Laventeljonnie het elke jaar ? ander vrou, en volgens die skinderbekke is daar nooit sprake van ? kerktroue nie.

Frannie en sy pa eet in die kombuis. Sy ma slaap weer. Die Swartlander het haar goed gedous.

“Pa, kan ek vanaand die bakkie vat?”

“Maar hoe dan nou? Jy’t tog nie ? dryfliksens nie.”

“Ek meen die seebakkie. En die nette.”

Sy pa kyk net na hom.

“Pa, sy gaan nie dieseisoen maak nie.” Hy hoor sy stem bewe.

“Asseblief. Daar’s nie maan vanaand nie.”

Sy pa kyk net na hom.

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Verduidelik die funksie van die tipografiese wit (spasie) tussen r. 32 – 33. | (1) |
| 6.2 | Watter tipe verteller tree in hierdie verhaal op? | (1) |
| 6.3 | Vanuit watter karakter se perspektief word r. 49 – 52 vertel? | (1) |
| 6.4 | Watter tipe siekte, dink jy, het Frannie se ma? | (2) |
| 6.5 | Frannie-hulle woon naby Vredendal. Gee <u>twee</u> redes waarom dié pleknaam ironies is. | (2) |
| 6.6 | In r. 5 is daar ? vergelyking. Verduidelik watter twee sake met mekaar vergelyk word. | (2) |
| 6.7 | Verduidelik die geslaagdheid van hierdie vergelyking binne die verhaalkonteks. | (2) |
| 6.8 | Wat kan jy aflei van Frannie-hulle se omstandighede as jy die woordkeuse <u>blikbekers</u> (r. 7) goed oordink? | (1) |
| 6.9 | Na watter tipe motor verwys die "Bankrot-maar-wintie" in r.1 en wat impliseer dit? | (2) |
| 6.10 | Waarom het Dok Gryspiet juis vir dokter Braband laat kom om Frannie se ma te ondersoek? | (2) |
| 6.11 | Stel jouself vir ? oomblik in Frannie se skoene. Sou Frannie baie waarde heg aan dokter Braband se diagnose? Motiveer jou standpunt. | (2) |
| 6.12 | Wat beteken <u>gedous</u> (r. 54) binne die verhaalkonteks? | (1) |
| 6.13 | Waarna verwys "die ding" (r. 29)? | (1) |
| 6.14 | Gee <u>twee</u> verskille tussen r. 31 – 32 en r. 33 – 34. | (2) |
| 6.15 | Wie of wat is die <u>hy</u> in r. 46? | (1) |
| 6.16 | Wat impliseer: "(d) aar's nie maan vanaand nie." (r. 60)? | (1) |
| 6.17 | Die skrywer maak van herhalingstegniek in r. 58 en 61 gebruik. Wat word daarmee bereik? | (1) |
| 6.18 | Laventeljonnie het al baie vrouens gehad en mens hoor nooit van ? "Kerktroue" (r. 52) nie. In watter ander kortverhaal wat jy bestudeer het, word daar melding gemaak van ? "kerktroue"? | (1) |
| 6.19 | Sou jy graag kos eet wat Laventeljonnie se vrou gemaak het as jy Frannie was? Motiveer jou standpunt. | (2) |

6.20 Waarom hou die dokter die slegte nuus van Frannie af weg? (2)
**[30]**

**OF**

**VRAAG 7**

7.1 Bespreek die volgende karakters as voorbeelde van tragiese figure in 200 – 250 woorde:

Hilda Sewes
Die verteller in "Slaaptydstorie"
Die moeder in "Terugkeer van ? soldaat"
Jy moet veral aandag gee aan die begrip **tragiese figuur**. (15)

**en**

7.2 Die ruimte speel meestal ? belangrike rol by die uitbeelding van bepaalde karakters se innerlike belewing en menswees. Skryf ? opstel van 200 – 250 woorde waarin jy verduidelik hoe die ruimte bydra tot die uitbeelding van die volgende karakters:

Die moeder in "Terugkeer van ? soldaat"
Frannie se menswees, asook sy ma s'n in "Die skerpioene"
Die verteller se ondergang in "Slaaptydstorie". Dui kortliks aan hoe die nat klipkranse, die terugkerende duif, die kerktorings voor die son en die kraaie simboliese betekenis verkry. (15)
**[30]**

**TOTAAL: 120**

**EINDE**